

22 Augustus

Skrifgedeelte: Johannes 13:1-17

Fokusgedeelte: Johannes 13:8

Hy was ons skoon

Ek wil die Here dien! Besef jy dat Hy óns ook wil dien? Hy wil ons dien soos 'n ouer wat sy vuil kind met groot sorg skoonmaak dat hy/sy aanvaarbaar kan lyk. Om enigsins voor God te kan staan, om enigsins geskik te wees om God te dien, moet hy ons eers was.

Ons sien ons Here in die skadu van die kruis – 'n dag voor die kruisiging. Hy weet dat die Vader alle mag aan Hom toevertrou het (vers 3). Was dit nie nou die gepaste geleentheid om aan te dring op 'n laaste eerbetoon en respek van sy dissipels nie? Sou ons nie verwag dat die geringste juis nou die ander en ook die Here se voete was nie? Omdat Jesus sy dissipels so uiters lief het, kies Hy juis dié liefdesdiens om aan hulle duidelik te maak waarom Hy hulle moet reinig.

Hierdie voetwassing gaan nie net maar oor die uiterlike was van die voete nie. Dit was paasfees. By die feesete kom jy in die teenwoordigheid van God en daarom moet jy rein wees. Die seremoniële wette leer dat jy moet bad om rein te wees. Om met sandale te loop, laat die voete weer vuil word. Ons kan dus die Here se gesprek met Petrus nou verstaan: Petrus protesteer: "U sal in alle ewigheid nooit my voete was nie!" Jesus antwoord: "As ek jou nie was nie, het jy nie deel aan my nie." Dit beteken dan is daar geen gemeenskap moontlik tussen Petrus en sy Here nie. Petrus se trotse verset verander nou in oorgawe: "Here, dan nie net my voete nie, maar ook my hande en my gesig."

Hy begeer om deel te hê aan die Here Jesus. Begeer jy dit ook? Vertrou Hom om jou sonde af te was – dan kan jy ook elke oomblik voor God lewe.

Sing: Skrifberyming 8:2 Ds PA Odendaal (Kriel/Evander)